STELLENBOSCH UNIVERSITY
LIBRARY & INFORMATION SERVICE NEWSLETTER

# BIBNUUS

JULY 2012

## IN THIS ISSUE:

Page 2 Afskeid prof. Van Zyl
Page 2 Berlin 10 conference
Page 3 Research support
Page 3 New Leisure Reading area
Page 4 Library week
Page 4 Hoop vieringe

## BOODSKAP VAN DIE SENIOR DIREKTEUR

Die helfte van die jaar is amper verby, binnekort begin die tweede semester en nie lank daarna sal 2012 ook iets van die verlede wees. By die Biblioteek- en Inligtingsdiens is ons egter vasbeslote om ongeag die tyd van die jaar aan die voorpunt van nuwe ontwikkelinge en innoverende dienste te bly sodat ons 'n betekenisvolle bydrae kan lewer tot die Universiteit se doelwitte en strategiese aktiwiteite. In hierdie uitgawe deel ons graag hierdie inisiatiewe en sommige van die nuwe dienste wat die afgelope paar maande deur die Biblioteekdiens aangebied is. In Maart het ons prof Arnold van Zyl, voormalige Viserektor (Navorsing) gegroet. Ons gee erkenning en ons dank en waardering aan hom vir sy leierskap en veral sy besondere bydrae tot die ontwikkeling van die Biblioteek- en Inligtingsdiens. Dit is ook aangenaam en baie opwindend om die nuwe Ingenieurs- en Bosboubiblioteek bekend te stel. Lees hieronder waarna gebruikers van hierdie biblioteek kan uitsien. Laastens, hartlike geluk en dank aan die US en die leierskap van ons Rektor, prof Russel Botman, met die sukses van die HOOP Projek. Op bl. 4 kan u lees van die Biblioteek- en Inligtingsdiens se bydrae tot die feesvieringe in April. Die "Hip Hop(e) Jam" was deur die Biblioteek geïnisieer om die HOOP Projek te vier - en daar was groot rede om fees te vier, want danksy die HOOP Projek kon ons twee uitstekende fasiliteite in die Biblioteek inrig, nl. die Leersentrum en die Navorsingsruimte. Die kommentaar wat ons van studente kry wat hierdie fasiliteite gebruik, is oorweldigend positief en ons *HOOP* regtig om daarmee 'n bydra te maak tot akademiese sukses. In pas met die nuwe styl biblioteekdienste wat ons probeer skep, het ons besluit om ons feesvierings ook meer "hip" te maak deur die "Hip Hop(e) Jam"!

Tot volgende keer,

(Ellen R. Tise)

## NEW ENGINEERING AND FORESTRY LIBRARY

From dreary to colourful! The brand new Engineering and Forestry Library is ready to be moved into. Corinna Truter, Head: Engineering and Forestry Library, Library and Information Service, shares with us part of their exciting journey to the new purpose-built facility and gives us a glimpse of what clients can expect from the new space.

"From dreary to colourful, from very old fashioned and barely functional to ultra modern – that is what the new Engineering and Forestry Library is going to be. After years of having to make do with a library that was never designed for the purpose, it is very exciting to move to a facility that will be airy, open, user-friendly and purpose-designed!

The colours of the exciting new space range from white to lime green to blue and the furniture is a mix of black, purple, green and blue. Shelving is white and bright and a far cry from the dark army metal shelves and old wooden shelves which we have had to make do with until now.

The building process has of course not been without any aches and pains. At the start of the building project the contractors changed and in between there were a few other stumbling blocks. After completion, the ordering and finalising of the furniture became quite a challenge at times.

And then our biggest headache: are we going to fit all the books and journals into our new space! We have made calculations again and again, we have weeded and again made calculations and now all we can do is hope and pray! At the writing of this piece, however, the outcome looks positive.

Currently we are in a half empty library, just about all the books and journals have been moved, and most of the furniture have been collected for refurbishment. The amount of times we walk the route from the old to the new daily, one cannot even begin to count. As soon as all the furniture arrive we will also be able to physically move.

And what is in store for our users? They can expect two fully equipped seminar rooms, an electronic classroom for 25 people with the most advanced equipment, space for group work in front of huge windows with a breathtaking view of the mountains, quiet study cubicles, enough computer research areas and a comfortable soft seating area. Various departments in the Engineering Faculty and also the Forestry Department are especially excited about the two seminar rooms which they plan to make use of regularly."



## ONS GROET PROF ARNOLD VAN ZYL



*V.l.n.r. Me Ellen Tise (Senior Direkteur: Biblioteek– en Inligtingsdiens; prof Arnold van Zyl, dr Therina Theron (Senior Direkteur: Navorsing)*

Die Biblioteek- en Inligtingsdiens het op 23 Februarie 2012 die Carnegie Navorsingsruimte se eerste Sosiale Uur vir 2012 ter ere van die voormalige Viserektor (Navorsing), prof Arnold Van Zyl, aangebied. Tydens die geleentheid is daar ook van prof Van Zyl afskeid geneem.

Prof van Zyl is onlangs aangestel as Rektor van die Chemnitz Universiteit van Tegnologie in Duitsland. Gedurende sy vyf jaar aan die Universiteit Stellenbosch het hy 'n betekenisvolle bydrae gelewer tot die groei van navorsing aan die Universiteit. Onder sy leierskap het die Biblioteek die uitdaging aanvaar (en daarin geslaag) om vernuwende dienste en fasiliteite ter ondersteuning van navorsing aan die Universiteit te ontwikkel: Die Navorsingsruimte en die Sosiale Uur is 'n voorbeeld van so 'n fasiliteit en diens.

Prof Van Zyl was dan ook die gasspreker by die geleentheid en het in sy toespraak sy indrukke van die Universiteit Stellenbosch gedurende sy termyn as Vise-Rektor met die gehoor gedeel. Hy het die US beskryf as 'n ware *universitas* van mense met 'n passie vir wetenskap en 'n passie vir kennis. Hy het gevind dat hierdie mense die konsep van kennis begryp en dit belangrik ag, nie alleen om die wêreld beter te verstaan nie, maar ook om verandering daarin teweeg te bring.

Hy het ook die professionele ondersteuningsdienste van die US geprys vir hul aandeel in die onlangse suksesse wat die Universiteit behaal het. Ondersteuningsdienste, soos die Biblioteek- en Inligtingsdiens, stel dikwels die middele beskikbaar wat nodig is om sukses te bereik. Prof Van Zyl het ook in hierdie verband na die Navorsingsruimte verwys en beskou dit as 'n sprekende voorbeeld van hoe professionele ondersteuningsdienste studente kan ondersteun.

Die Biblioteek- en Inligtingsdiens het ter herinnering aan sy tyd aan die US tussen 2008 en 2012 'n replika van 'n JH Pierneef olieverfskildery van Hertestraat, Stellenbosch, aan prof van Zyl as geskenk oorhandig. Hierdie skildery, waarvan die oorspronklike in die Africana-lokaal van die JS Gericke Biblioteek hang, is in 1921 deur die "Koerantskrywers" aan die Universiteit Stellenbosch geskenk. Die groep, wat Pierneef en sy goeie vriend Johannes Grosskopf ingesluit het, het in 1921 Grosskopf se drama, "Die Koerantskrywers", op Stellenbosch aangebied. Pierneef het in daardie stadium by Grosskopf in een van die Hertestraat-huisies gewoon. Grosskopf het baie gedoen om Pierneef, wat in daardie jare nog redelik onbekend was as skilder, se kuns bekend te stel. Die skenking van hierdie skildery aan die US was heel moontlik ook met die gedagte om Pierneef as kunstenaar onder die aandag van die Universiteit te bring.

Die oorspronklike skildery in Africana het altyd prof Van Zyl se aandag getrek as gevolg van sy waardering vir Stellenbosse erfenis en spesifiek die bekende Hertestraat huisies. Die Biblioteek- en Inligtingsdiens wou met hierdie geskenk sy dank en waardering uitspreek aan prof Van Zyl vir sy voortreflike, inspirerende en innemende leierskap tydens sy ampstermyn en as voog van die biblioteek.

## CONFERENCE ANNOUNCEMENT: BERLIN 10

The Berlin 10 Open Access Conference will be held in Stellenbosch, South Africa and will take place at the Wallenberg Research Centre, Stellenbosch Institute for Advanced Study (STIAS) from 7-8 November 2012. Pre-conference workshops will be held on 6 November.

The theme of the Conference is *Networked scholarship in a networked world: participation in Open Access*. Given that the Conference will be held in Africa, the sub-themes to be explored are concomitant with the development and transformative agenda of Open Access. These sub-themes are: Transformation through Open Access; Open Access and other forms of openness; Benefits of Open Access for scholarship and wider society; Open Access and improving assessment of research and scholarly publishing and Networked scholarship.

Stellenbosch University, in partnership with the Max Planck Society and other hosts, has the distinct pleasure of inviting policy and funding communities, scientists and researchers and librarians to the Berlin 10 Open Access Conference

Please stay in touch and follow all activities around the Berlin 10 Open Access Conference by joining us on facebook, twitter, or through subscribing to our newsletter. Other relevant information will also be available on the conference website at www.berlin10.org.

## LIBRARY SUPPORTING RESEARCH INNOVATION AND COLLABORATION

Renee Reagon, Director: Technical Services and Electronic Resources Management at the Library and Information Service, recently published an article focusing on key initiatives the Library has completed in support of the strategic plan of the Vice Rector of Research. The article was published in the *Elsevier Library Connect* "Advancing the Mission" newsletter of March 2012. This is an abridged version.

"In the strategic plan of the Vice Rector the university is positioning itself as the leading research-intensive higher education institution in Africa.

Underpinning this vision is the university's intent to foster research collaboration, build international research networks, and offer state-of-the-art, high-level research support and infrastructure to its students and faculty. Library and Information Service programs in support of these goals include:

*Research performance management*

The library has been instrumental in implementing research and evaluation performance tools to strategically manage research within the institution. With SciVal® Spotlight, which uses co-citation analysis data and visualization techniques, the library can identify:

-Research strengths and niche areas;
-How the university's researchers are collaborating across disciplines, institutions and geographical areas;
-Key competitors in research output;
-Potential areas for collaboration;
-How and where to allocate resources to optimize research within the institution.

The library has organized workshops to help university management understand data presented by SciVal Spotlight, within the context of managing institutional performance and identifying opportunities for facilitating research partnerships. In addition, the library recently implemented SciVal Experts and SciVal Strata to showcase the university's researchers and further manage benchmarking of research performance.

*Research Commons*

An innovative space for postgraduates and researchers to engage in collaborative research and academic discussion or to find space for self-study or reflection. The Research Commons offers enhanced services so students can engage with mentors and trainers or facilitators for in-depth assistance with research and proposal writing.

*Research skills development*

The library develops and offers programs that support the skills development and success of it's users. Skills development training and workshops encourage an enhanced research experience and ensure that the university increases its research output and quality of graduates. Training aimed at postgraduates includes general information literacy, writing and career management, search strategy, and bibliometric analysis.

*Conclusion*

The Library and Information Service has provided state-of-the-art services, space and resources to support the institutional vision of becoming the top research institution on the African continent. It has intently focused on providing high-level, in-depth support to its postgraduates and researchers to ensure the highest quality graduate and research output.

The library has also moved into new roles by assisting the institution in implementing performance measurement tools such as SciVal Spotlight and SciVal Strata. Ultimately these kinds of tools could provide valuable insight into how the institute allocates research funding and resources."

## NUUT! LEESAREA MET ONTSPANNINGSLEESSTOF

Die JS Gericke Biblioteek bied sedert die begin van hierdie jaar 'n leesarea met ontspanningsleesstof vir sy kliënte. Hierdie area wat in Engels bekend staan as die "Leisure Reading Area" is geleë op die boonste vloer van die biblioteek waar nuwe boeke en koerante ook vir kliënte beskikbaar gestel word.

Studente vra gereeld vir bibliotekarisse waar hulle ontspanningsleesstof kan kry en hoewel hulle dan na die letterkundige werke verwys word, vind hulle dit soms moeilik geskikte materiaal daar te vind. Naomi Visser, fakulteitsbibliotekaresse vir Lettere, het in 2011 tydens 'n opleidingsbesoek aan die VSA opgelet dat die meeste akademiese biblioteke daar 'n ontspanningsleesarea vir hul studente bied. Die idee het ná haar terugkeer vorm aangeneem en daar is tans 289 items in die versameling. Die versameling sluit grootliks Afrikaanse en Engelse fiksie, populêre nie-fiksie en populêre biografieë in. Boeke mag vir twee weke uitgeneem word en hul staanplek word op die stelsel as "JS Gericke Library Leisure Reading" aangedui en die rugmerke van die boeke is identifiseerbaar deur die letters "LR" voor die raknommer. Die leesboeke staan in alfabetiese volgorde, volgens die outeur, op die rak.

Statistiek dui reeds daarop dat die leesarea baie gewild is onder studente sowel as personeel. Sedert die beskikbaarstelling van die versameling is daar reeds tot en met Junie vanjaar 798 keer items uitgeleen! Die boek wat die meeste keer uitegereik is in hierdie periode en dus lyk of dit die gewildste item is, is *The secret life of bees* deur Sue Monk Kidd. *The associate* deur Phillip Margolin, *Steeped in blood : the life and times of a forensic scientist* deur David Klatzow, *Op die agterpaaie* deur Dana Snyman, *Gallows Hill* van Margie Orford en *Red mist* deur Patricia Cornwell blyk ook gewild te wees en is almal reeds vier keer uitgereik.

Volgens Visser is dit belangrik dat studente ook fiksie moet lees, "want dit verbreed hul horisonne en daar is 'n sterk verband tussen lees en akademiese prestasie". Ons hoop dus dat hierdie versameling ontspanningsleesstof sterk sal aangroei in die toekoms.

## SUID-AFRIKAANSE BIBLIOTEEKWEEK 2012

Suid-Afrikaanse Biblioteekweek is hierdie jaar vanaf 17 – 24 Maart landwyd gevier en die Biblioteek- en Inligtingsdiens het oudergewoonte weer 'n aantal aktiwiteite tydens hierdie periode aangebied. Die tema vanjaar was "Develop@YourLibrary". Twee interessante etensuurlesings is in die week onderskeidelik deur prof Basil Leonard en Dave Pepler aangebied en 'n seminaar oor oop toegang het op Donderdag 22 Maart plaasgevind. "GetSmart@YourLibrary"-opleidingsessies met die fokus op hoe om boeke en artikels op SUNSearch te vind is ook gedurende die week aangebied.

Die etensuurlesings was vanjaar baie gewild. Prof Leonard se praatjie was 'n motiveringsessie getiteld "My future is in my own hands". Prof Leonard van die US Bestuurskool is 'n gesogte openbare spreker en fasiliteer op die gebiede van leierskap, "EQ" (emosionele intelligensie), morele intelligensie en veelvuldige intelligensie, sg. "multiple intelligence", wat 8 verskillende areas van intelligensie insluit.

Dave Pepler se lesing getiteld "Snuf in die neus: parfuumavonture" het groot opwinding verskaf. Die lesing wat veral deur vroue bygewoon is, het gehandel oor navorsing wat hy gedoen het oor 'n reeks verskillende tipes parfuum. 'n Tafel vol parfuumbottels is uitgestal. Hy het vertel wat die oorsprong is van elke parfuum, interessante stories oor die ontstaan daarvan en ook verduidelik watter bestanddele elkeen bevat. Die parfuum is daarna op 'n papierstrokie gesproei en omgestuur sodat elkeen dit kon ruik en beoordeel. Dit was 'n werklik unieke geleentheid wat met gemak en humor aangebied is en die mengelmoes van geure wat later die dag steeds in die personeelkamer van die Biblioteek gehang het was 'n bonus!

*Dave Pepler berei 'n parfuumstrokie voor*



## LIBRARY JOINS HOPE CELEBRATIONS




The successes of Stellenbosch University's HOPE Project were celebrated during the second week of April this year and the Library and Information Service featured with three events. The first of these was the *Hip Hope Jam* presented in the "gaatjie" in front of the JS Gericke Library on 12 April. This musical lunch hour presented students Tielman Janse van Vuuren and Alison Hoskins joined by well-known bass guitarist Josh Prinsloo for an hour of jazz, rap and poetry.

The event was inspired by the launch of the JS Gericke Library's Learning Commons and Carnegie Research Commons last year, both successful outcomes of the HOPE Project. The second event which the Library hosted was an open lunch hour on 13 April where both these new spaces were opened to the public. The contemporary Learning and Research Commons in the JS Gericke Library exemplify 21st century transformed library services. Here hi-tech combines with rich information resources and skills support in a vibrant, inspiring space putting students on the fast track to achieving success. These students are the informed, competent, responsible citizens of the future, who will find solutions for the continent's problems, inspire and create hope.

During this lunch hour attendees also had the opportunity to meet the staff and the Smart Maties (see definition below) who provide services in these areas.

Thirdly, the Library and Information Service also contributed to the exhibition in the Behrens foyer, Conservatoire. The exhibition featured the Learning Commons and the Research Commons.

**What is a Smart Matie?**

**Smart Matie, n.**[1]
A knowledgeable, tech savvy and information-skilled student who assists peers to navigate the library and find relevant, academic information effectively in order to achieve academic success. The term is inspired by the bright, colourful and vibrant features of the Learning Commons evoking notions of a Smartie Box, containing smarties which encase both the words "smart" and "matie".